## *Stap-vir-stap instruksies vir ouers*

Moenie bekommerd wees nie — dit is makliker as wat dit klink! Volg hierdie stappe een vir een en jy sal binne 'n paar minute klaar wees.

**Voordat jy begin, het jy nodig:**
- 'n Google-rekening (as jy Gmail gebruik, het jy reeds een)
- Jou kind se video op jou foon of rekenaar
- Sowat 10 – 15 minute

## STAP-VIR-STAP: OP 'N REKENAAR

| | |
|---|---|
| 1 | **Gaan na YouTube**<br>Maak jou internetblaaier oop, gaan na **youtube.com** en teken in met jou Google-rekening. |
| 2 | **Begin oplaai**<br>Soek die kamera-ikoon met 'n '+'-teken regs bo op die skerm. Klik dit, dan kies **'Upload video'**. |
| 3 | **Kies die video**<br>Soek jou kind se video op jou rekenaar en klik dit om te kies. |
| 4 | **Gee 'n titel**<br>Terwyl die video oplaai, tik jou kind se **naam, van, Afdeling, graad en provinsie** as titel.<br>*Voorbeeld: Hanlie van der Merwe, Afdeling A, Onervare, Gr 5, Gauteng* |
| 5 | **Stel sigbaarheid — BELANGRIK!**<br>Soek die afdeling **'Visibility'**. Jy sal drie opsies sien. Kies **UITSLUITLIK die middelste een: 'Unlisted'**. (Sien tabel hieronder) |
| 6 | **Publiseer**<br>Klik die **'Publish'**-knoppie. Wag vir die sirkel om klaar te draai — dan is jou video opgelaai! |
| 7 | **Kopieer die skakel**<br>YouTube wys vir jou 'n skakel soos: **https://youtu.be/xxxxxxxx** — kopieer dit. |
| 8 | **Stuur die skakel in**<br>Stuur die skakel via die **unieke persoonlike epos-skakel** wat KANSVATTER vir jou gestuur het — voor jou provinsie se sperdatum. |

## STAP-VIR-STAP: OP 'N SLIMFOON

| | | |
|---|---|---|
| 1 | **Maak YouTube oop**<br>Maak die YouTube-toepassing oop en teken in. |
| 2 | **Begin oplaai**<br>Tik op die '+'-ikoon onderaan die skerm en kies **'Upload video'**. |
| 3 | **Kies die video**<br>Kies jou kind se video uit jou fotogalery. |
| 4 | **Gee 'n titel**<br>Tik jou kind se **naam, van, Afdeling, graad en provinsie** as titel.<br>*Voorbeeld: Hanlie van der Merwe, Afdeling A, Onervare, Gr 5, Gauteng* |
| 5 | **Stel sigbaarheid**<br>Tik op **'Visibility'** en kies **'Unlisted'**. |
| 6 | **Laai op en stuur in**<br>Tik **'Upload'**, wag vir dit om klaar te laai, kopieer die skakel en stuur dit via jou **unieke persoonlike epos-skakel** wat KANSVATTER gestuur het. |

## WATTER SIGBAARHEID-INSTELLING MOET EK KIES?

| Instelling | Wie kan kyk? | Gebruik ek dit? |
|---|---|---|
| ■ Public | Die hele wêreld | NEE — enigiemand op die internet kan dit vind. |
| ■ **Unlisted ✓** | Slegs mense met die skakel | **JA — dit is wat jy wil hê! Slegs die beoordelaars kan kyk.** |
| ■ Private | Niemand (slegs jy) | NEE — die beoordelaars sal dit nie kan kyk nie. |

## BELANGRIKE HERINNERINGE

- ✓ Kies **UNLISTED** — nie Public nie, nie Private nie.
- ✓ Stuur die **SKAKEL** in via jou unieke epos-skakel — nie die video-lêer self nie.
- ✓ Klik self op die skakel om te bevestig dit werk voor jy dit instuur.

- ✓ Kyk op die KANSVATTER-webtuiste vir jou provinsie se spesifieke sperdatums.
- ✓ Elke item waarvoor jou kind ingeskryf is, het sy eie unieke epos-skakel.

**Hulp nodig?**

Moenie stres nie! Stuur 'n WhatsApp-boodskap aan Petrus Jacobs:

**082 822 5233** | motivation@champ7.co.za

Kansvatter 2026 | petrusjacobslive.co.za | Spreker-wees is 'n FEES!